

15 Januarie

Teksgedeelte: 1 Samuel 4:1-11; 5:1-12; 6:1-12 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 5:6, 11(d) (OAV)

God is sterker as wie ook al

In 'n vernietigende oorlog verslaan die Filistyne die Israeliete. Wat is die oorsaak? Die leiers redeneer: As die ark van die Here tussen hulle gewees het, sou hulle die oorwinning behaal het. Toe die ark in hulle midde kom, skreeu hulle voortydig die oorwinnaarskreet, want God is mos nou in hulle midde (4:5). God laat die Filistyne egter wen. Net soos die Israeliete dink die Filistyne dat hulle God nou ook kan manipuleer, dwing en gebruik vir hulle eie doel.

Die Here is egter sterker as wie ook al. Die Filistyne dink dat die ark God self is. God moet nou na Dagon kyk en beseft dat Dagon die sterkste is. Tot die ontsteltenis van die Filistyne lê Dagon die volgende oggend in 'n aanbiddingsposisie voor die ark (5:3) en die tweede dag soos 'n verslane soldaat – kop en hande afgekap (5:4), magteloos. Wat 'n teenstelling het ons hier: Dagon se afgekapte hande teenoor die “Here se hand wat swaar lê op die Filistyne” (5:11; 6:5)!

Die Here is sterker as wie ook al. Selfs die diere luister na Hom. Die koeie loop op 'n pad waarop hulle nie vrywillig sou wou loop nie (6:9-12). In 1 Samuel 7:10 verslaan God sy vyande sonder slag of stoot. Jesus sê (Matt 28:18): “Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.” Jesus se opstanding uit die dood bewys dit (Rom 1:4).

Die Here is sterker as wie ook al! In sy hande is ek veilig. Hy laat alles ten goede meewerk vir sy uitverkorenes. Niks sal ons van Hom skei nie (Rom 8:28,31-39). Plaas daarom jou hand dankbaar en met volle oorgawe in sy hand. Laat jou deur Hóm lei.

Moenie probeer om Hóm te lei nie!

Sing: Psalm 31:1, 2 Ds AH Stavast (Mosselbaai)